**VOORBIDDING:**

**Wêreld**: Mianmar en Thailand. Oplossing vir konflikte [Palestyn-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.
**RSA & Dorp:** Ekonomie - sakelui, arbeidsmag, werkslus, werkskepping (Stellemploy). Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners, ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. Die brandslagoffers van George en omgewing.
**Gemeente & Kerk:** Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Oordeelkundige gebruik van water.
**Meegevoel**: 'n Woord van meegevoel met Annemarie Theron van Lovell-laan wie se moeder oorlede is.
**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Marinus Burden (Speciosa), Christo Dippenaar (Buitekring), Wessel Strydom (Binnekring), Piet van der Merwe (Rokewood) en Willie Zeeman (Elbertha).

## Feestelike verpakking in die vierkant - Kersprojek

Die groot verpakking van die Kersprojek het op Woensdag, 28 November plaasgevind. Die pakkers het soos miere beweeg, elkeen besig met sy/haar werk. 67 gesinskospakkies en 671 lekkergoedpakkies is verpak vir die Voedingsaksie, ACVV, Stellemploy en Eikiehart. Dan is daar ook nog geskenkies toegedraai vir Huis Horison, Geluksoord en Paarl Hospitaal Neonatale Eenheid.

Toiletware, skoonmaakmiddels, skryfbehoeftes en lekkers is ook verdeel en só kon ABBA, Nagskuiling, Safehouse en Jeuguitreik ook deel in die groot bederf.

Baie dankie aan almal wat bygedra het, hetsy om produkte of kontant te skenk of om te help met die verpakking. Enige bydraes is steeds baie welkom en sal voor Kersfees onder die noodbehoewendes in ons gemeenskap versprei word.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Eerste Advent

## Sondag 2 Desember 2018

### Kerssangdiens

| | |
|---|---|
| **Prediker** | Monty Sahd |
| **08:45** | Gebedsgeleentheid (komiteekamer) |
| **09:30** | Erediens |
| **18:00** | Diens by Bonheur |

Jaartema: Dissipels ontvang en soek die geskenk van gemeenskap.

## *Welkom by ons Kerssangdiens!*

Baie dankie aan Winand Grundling vir die harde werk agter die skerms. Ons verwelkom ook vir Hayley Jooste (trompet) en Helena van der Merwe (viool/altviool). Lekker saam sing!

**Sing tot eer van die Here, almal op aarde!**
**Verkondig elke dag sy reddingsdade!**

**Dit is Kersfees elke keer as jy God toelaat om jou te gebruik om sy liefde aan ander oor te dra ... dit is Kersfees elke keer as jy vir jou medemens glimlag en jou hand na hom uitsteek om te help.**
*Moeder Teresa*

As Christene vier ons **Advent** met die wete dat Christus gekruisig is en opgestaan het. Ons dink in hierdie tyd aan God as die altyd komende in ons nood, om op verrassende wyse heil en bevryding te bring. Ons berei ons opnuut voor om die Verlosser in ons lewe te verwelkom.

**Is jy nuut by ons?** Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet.
**Kom geniet gerus 'n koppie tee en lekker koffie in die leeskamer.**

## PROGRAM VIR VOLGENDE 2 WEKE: Maandag 3/12 tot Sondag 16/12

| | | |
|---|---|---|
| Do 3/12 | | Laaste dag vir doopaanmelding vir Januarie. |
| Vr 7/12 | 09:00 - 11:00 | Kerkpersoneel se afsluitingsfunksie. |
| So 9/12 | 09:30 | Tweede Advent<br>**Erediens**: Leon Cronje<br>Bevestiging van nuwe Kerkraadslede. |
| Wo 12/12 | | Skole sluit |
| Vr 14/12 | | Universiteit sluit |
| So 16/12 | 09:30 | **Versoeningsdag**<br>Derde Advent<br>**Erediens**: Monty Sahd |

**Die deuroffer vandag gaan aan Radiokansel:** Radiokansel en Radio Kaapse Kansel is 'n onafhanklike, transkerklike en transkulturele Christelike multimedia organisasie met die Goddelike opdrag om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik aan alle Suid-Afrikaners te verkondig by wyse van hoë kwaliteit radio- en televisieprogramme, publikasies, die elektroniese media en uitreikaksies, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hul Christelike geloof op te bou. Radiokansel kan ook op DSTV Audiokanaal 882 geluister word asook op www.radiokansel.co.za, www.kaapsekansel.co.za en www.capepulpit.co.za

Die deuroffer verlede week aan Stellenbosch Vigsaksie was R2 453. Baie dankie!
Volgende week se deuroffer gaan aan Biblia Hawesending.

**Betaal met Snapscan!**
Laai dit af op jou slimfoon by **http://www.snapscan.co.za/user.html.** Onthou asb om die "Enter Reference" in te vul.

Desember se deuroffer-tema is **sending**.
Daarom gaan ons deuroffers aan Radiokansel, Biblia Hawesending, Makhathini, Straatwerk en Sending: Zimbabwe, Malawi en Mosambiek. Op Kersdag is die spesiale deuroffer aan die Kerkbode Kersfonds en Studietrust.

*Die insameling van toiletware en voedsel vir ons Kersprojek gaan steeds voort. Items kan in die mandjies by die deure geplaas word op Sondae of deur die week na die kerkkantoor gebring word.*

**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
Kantoorure: 08:00 tot 13:00 (Ma—Vr)

## Skryfbehoeftes vir skoolkinders

In Januarie samel ons skoolbenodigdhede in vir kinders in ons gemeenskap wat nie oor die nodige skryfbehoeftes beskik om die skooljaar mee af te skop nie. Sodra al die spesiale aanbiedinge op skoolbenodigdhede kort na Kersfees begin, is dit tyd om te dink aan die kinders wat nie eens hierdie aanbiedinge kan bekostig nie. Laai 'n ekstra boek, pen, potlood of uitveër in jou mandjie en bring dit na die kerkkantoor of na die barmhartigheidstafel in die kerk. Ons beoog om skoolbenodigdhede te skenk aan Jeuguitreik, ACVV, Eikiehart en Safehouse.

## Blommerangskikkers vir 2019

Gedurende die kerklike jaar word ons weekliks bederf met die mooiste blomme in die kerk. Slegs 'n handjievol gemeentelede is deel van hierdie bediening.

Indien jy voel dat jy hier betrokke wil raak, kontak asseblief vir Rina van den Heever by 021 886 5975 of ontvangs@stelwel.co.za.

## Teken in op ons E-nuusbrief!

Besoek ons webwerf, www.stelwel.co.za, kliek op "kontak ons" en kies "teken aan op ons E-nuusbrief". Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydagoggende 'n vriendelike hallo-sê van die kerkkantoor om jou te herinner aan alles wat gedurende die naweek en komende week gebeur. Daar word ook gereeld skakels op die nuusbrief gelaai met ekstra inligting waar jy betrokke kan raak.

## Nuwe almanakke en Welgelegeners

Die almanakke van 2019 en nuwe Welgelegeners is gereed in die vakkies vir die dienswerkers om in die wyke uit te deel.

**Baie dankie aan al die dienswerkers wat hierdie groot taak het om dit in die wyke te versprei! Sterkte met die laaste groot stap van die jaar!**

HUISGELOOF is elke week beskikbaar om van ons webblad af te laai by www.stelwel.co.za. Kopieë is ook by die deure beskikbaar.

**Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vier-kant, links van die hek) geplaas word. Daar is ook herwinningsakke in die mandjie by die staalhek of in die kerkkantoor beskikbaar.**

Bestel steeds Somerbosch-aarbeie teen Maandae om op Woensdae by die kerkkantoor te kom afhaal. Laaste bestelling is Maandag 10 Desember en laaste aflewering is Woensdag 12 Desember. Aarbeie is R40 vir 1 kg.

**BELANGRIKE NOTA: Die kerkkantoor open op Maandae om 09:00.**